# ONWRIKBAAR



Ons is aan die einde van die boek Daniël en kyk verder na die visioene wat Daniël oor die eindtye gehad het. In elkeen van die laaste 3 hoofstukke, verskyn ‘n hemelwese aan hom, word ‘n visioen aan hom openbaar en kry hy ‘n uitleg op die openbaring.

**Lees Daniël 10:1-21.**

*Watter karakters merk jy op in hierdie gedeelte?*

*Hoe reageer Daniël?*

*Wat is die oorhoofse boodskap aan Daniël?*



# DANIËL 10:1-21

DANIËL SIEN DIE EINDTYD

' In die derde regeringsjaar van Kores, die koning van Persië, is 'n woord geopenbaar aan Daniël, wat Beltsasar genoem is. Die woord is betroubaar en gaan oor 'n groot stryd. Hy het die woord verstaan en insig gekry in die openbaring. " In daardie dae het ek, Daniël, drie volle weke getreur. Aangename kos het ek nie geëet nie, en vleis en wyn het by my mond nie gekom nie. Ek het my glad nie gesalf nie, totdat drie volle weke verby was. Op die vier-en-twintigste dag van die eerste maand was ek by die oewer van die groot rivier, dit is die Hiddekel. **Toe ek opkyk, sien ek, kyk, daar is 'n man geklee in linne, en sy heupe is omgord met goud van Ufas. Sy liggaam was soos chrisoliet en sy gesig het gelyk soos weerlig, terwyl sy oë soos fakkels van vuur was, en sy arms en voete soos gepoleerde brons geskitter het. Die geluid van sy woorde was soos die geluid van 'n menigte.** Ek, Daniël, het alleen die verskyning gesien; die manne wat saam met my was, het nie die verskyning gesien nie. Groot vrees het hulle egter oorval, en hulle het gevlug om weg te kruip. Ek het alleen agtergebly en het hierdie groot verskyning gesien. Daar was geen krag in my oor nie, en my gelaatskleur het verander na doodsbleek. Ek kon nie my kragte herwin nie. Ek het die geluid van sy woorde gehoor, en toe ek die geluid van sy woorde hoor, was ek in 'n beswyming, met my gesig teen die grond. '

'Kyk, 'n hand het my aangeraak en my geskud tot ek op my knieë en handpalms was. Toe sê hy vir my, ‘**Daniël, baie geliefde man, kry insig in die woorde wat ek met jou praat en staan op jou plek, want ek is nou na jou gestuur.’ En terwyl hy hierdie woorde met my praat, het ek bewend opgestaan. Hy sê toe vir my, ‘Moenie bang wees nie, Daniël, want vanaf die eerste dag wat jy jou hart daarop gerig het om insig te kry en jou voor jou God te verootmoedig, is jou woorde gehoor. En ek het gekom op grond van jou woorde**. Maar die vors van die koninkryk van Persië het my een-en-twintig dae lank teengestaan. Maar kyk, Migael, een van die belangrikste vorste, het my te hulp gekom, en ek was oorbodig daar by die konings van Persië. Ek het toe gekom om jou insig te laat kry oor wat met jou volk sal gebeur aan die einde van die dae, want die visioen geld weer vir die toekoms.’ “Terwyl hy in dié trant met my praat, het ek my gesig na die grond gerig en stom geword. Kyk, toe het een met dieselfde voorkoms as mensekinders my lippe aangeraak. Daarna het ek my mond oopgemaak, gepraat en vir hom wat voor my staan, gesê, ‘My heer, as gevolg van die verskyning het 'n lamheid my oorweldig, en ek kon nie my kragte herwin nie. Hoe kon hierdie dienskneg van my heer dan met hierdie heer van my praat? En ek – van nou af bly daar geen krag oor in my nie; geen asem is meer oor in my nie.’ '

'"Die een wat soos 'n mens gelyk het, het my weer aangeraak en my weer krag gegee. Hy het gesê, '**Moenie bang wees nie, baie geliefde man! Vrede vir jou. Wees sterk, ja, wees sterk!**' "Terwyl hy met my praat, het ek my krag herwin en gesê, 'My heer kan maar praat, want u het my versterk.' "Hy sê toe, 'Weet jy waarom ek na jou gekom het? Ek moet weldra terugkeer om te veg teen die vors van Persië. En wanneer ek daar uitkom, kyk, dan kom die vors van Jawan. Ek sal jou egter inlig oor wat opgeteken is in die geskrif van die waarheid. Daar is nie een wat my kragdadig ondersteun teen hierdie vorste nie, behalwe julle vors Migael.'

Die beskrywing in Daniël 10:5&6 stem baie ooreen met wat ons ook in Openbaring lees (Openbaring 1:12-17). Dit is ‘n beskrywing van Jesus self, God wat mens geword het.

Daar is ook ‘n tweede karakter met gesag en deernis, maar ondergeskik aan Jesus wat Daniël kom bemoedig (en hy aanspreek as here met ‘n kleinletter). Dit is ‘n engel. Net soos Migael, die aartsengel.

Die prinse van Persië en Griekeland verwys waarskynlik na bose magte wat in daardie areas doenig is – na aanleiding van die Satan wat ook as die prins van die duisternis bekend staan.



# OPENBARING 1:12-17

'Ek het omgedraai om te sien wie se stem dit is wat met my praat. Toe ek omdraai, het ek sewe goue kandelare gesien, en in die middel van die kandelare, iemand net soos die •Seun van die Mens. Hy het 'n kleed wat tot op die voete hang, gedra, met 'n goue band wat om sy bors vasgebind was. Sy kop en hare was so wit soos wit wol, soos sneeu, en sy oë soos 'n vlammende vuur. Sy voete was net soos gloeiende koper in 'n rooiwarm oond, en sy stem soos die gedruis van baie waterstrome. In sy regterhand het hy sewe sterre gehou, uit sy mond het daar 'n skerp swaard met twee snykante gekom, en sy gesig was soos die son, wat in al sy felheid skyn. Toe ek Hom sien, het ek voor sy voete neergeval soos 'n dooie, maar Hy het sy regterhand op my gelê en gesê: "Hou op om bang te wees – Ek is die Eerste en die Laaste '

Hieruit is dit duidelik dat daar ‘n ander, onsigbare wêreld is waar baie dinge aan die gang is.  ‘n Spirituele geesteswêreld waar daar gedurig oorlog is.  Engele en bose geeste en die duiwel bestaan werklik, net soos wat God werklik bestaan!

Dit blyk ook dat die prinse aangestel is oor sekere areas.  Dalk is dit die rede hoekom daar soveel meer slegte goed in sekere areas van die wêreld gebeur?

Dalk is dit die rede hoekom sekere individue of gesinne meer aangeval word…

Dit is nie noodwendig jy of jou familie wat iets verkeerd doen nie, maar daar is vir seker meer aan die gang as wat altyd sigbaar is vir ons.




*Waarmee worstel jy tans in jou lewe?*

*Hoe probeer jy dit hanteer, oplos?*

*Watter ander manière dink jy kan moontlik lig op jou situasie werp?*

Ons kan dalk sigbare worstelings op tasbare manière oplos, maar baie keer is daar soveel meer wat in die onsigbare realm gebeur wat dit moeilik maak vir ons om dinge te oorkom, te verwyder, op te los en vorentoe te beweeg.

Ons kort ekstra hulpmiddels – ons kan dit nie sonder God aanpak nie. **Lees Efesiërs 6:10-13.**

*Wat sê dit vir jou?*



# EFESIËRS 6:10-13

′ Ten slotte: Vind jou sterkte in die Here en in sy geweldige krag. Trek die volle wapenrusting van God aan, sodat julle staande kan bly teen die listighede van die Duiwel. Vir ons is die stryd immers nie teen vlees en bloed nie, maar teen die owerhede, teen die magte, teen die wêreldheersers van hierdie duisternis, teen die bose geeste in die hemelruim. Neem daarom die volle wapenrusting van God op, sodat julle op die dag van onheil weerstand kan bied en, nadat julle alles uitgevoer het, staande kan bly. ′


SALVATION
RIGHTEOUSNESS
FAITH
SPIRIT
TRUTH
GOSPEL

Die duiwel tart ons nie net op sigbare wyse nie.  Hy het allerande listighede waarmee hy ‘n voet in die deur probeer kry en ons probeer mislei.

Goeie sigbare dade is nie genoeg om dit te weerstaan nie – ons kort ekstra wapens – die evangelie van Christus.

Lees die res van **Efesiërs 6:14-18.** *Hoe vergelyk hierdie woorde met die boodskap wat die engel vir Daniël gebring het?*

Die wapenrusting is nie dinge wat ons moet doen of wat binne ons mag is om te doen nie.  Dis die goeie nuus van die evangelie van wat God vir ons doen, en daarom moet ons dit aantrek om te kan vasstaan.



# EFESIËRS 6:14-18

'Staan dan vas, deur julle heupe te omgord met die waarheid, julle te bedek met die borsplaat van •geregtigheid, en deur die bereidheid vir die evangelie van vrede as skoene aan julle voete aan te trek, en by dit alles die skild van die geloof op te neem, waardeur julle in staat sal wees om al die vurige pyle van die Bose te blus. Dra ook die helm van verlossing en die swaard van die Gees – dit is die woord van God. By elke geleentheid wanneer julle bid en smeek, moet julle telkens deur die Gees bid. Daarom moet julle waaksaam wees, deur volhardend te pleit vir al die •heiliges. '

Lees weer vers 18: *'Dit maak nie saak wat gebeur nie, julle moet altyd bid. Praat met God en vra Hom wat julle wil weet. Die Heilige Gees sal julle daarmee help. Onthou dit en moenie julle onkant laat vang nie. Moet ook nie vergeet om gedurig vir julle mede-Christene te bid nie. En moenie van my vergeet nie*. '

Ook in Daniël 10 was dit 'n duidelike opdrag van die boodskapper.

*Hoe dink jy kan jy jou gebedslewe 'n hupstoot gee?*

*Wat behoort belangrike elemente van ons gebede te wees?*

*Waarvoor moet jy dalk meer en meer dringend bid?*

Daniël was vir 21 dae ontsteld en gefokus op die Here voordat die engel opgedaag het met verligting. Dit het lank gevat omdat die engel Migael besig was in ‘n ander worsteling.

Gebed is meer as net ‘n versoek vir die sigbare in ons lewe.

Dis tyd met God.

Dis luister.

Dis bekeer.

Dis intree vir nood en vir ander.

Dis aanhoudend en voortdurend.

Niemand het nog ooit gesê iets het nie gebeur omdat ons te veel daaroor gebid het nie! Maar wel dat ons te veel kommer en vrees…



Jy mag dalk nou jou probleme self kan hanteer.  Maar gaan jy die finale oorlog, die eindstryd voluit kan weerstaan sonder die hulp van God?  Die duiwel is baie subtiel en listig.  Hy probeer ons van koers af kry op 2 groot manière:

**Versoeking**

**Veroordeling**

*Wat dink jy beteken elkeen van hierdie terme?  Op watter manière dink jy versoek die duiwel ons… en op watter manière veroordeel hy ons?*

Vir beide aanvalle, kort ons die wapenrusting, die evangelie van God wat die waarheid vir ons vertel.


VERSOEKING
VEROORDELING

Dalk loop jy met bitterheid rond, of onvergewensgesindheid, woede, laksheid… moenie die duiwel ‘n vatplek gee nie.  Trek die wapenrusting aan en laat die evangelie jou herinner aan die waarheid.

Die stryd is groter as wat ons dink.  As ons die bose magte wil teenstaan, moet ons aanhou bid en waaksaam wees.

*Waarvoor gaan jy hierdie week spesifiek in gebed intree?*

*Watter areas van jou lewe wil die Here vir jou kom sê:*

- *Moenie bang wees, staan sterk, wees waaksaam”?*

**BID SAAM.**







# SEËNGROET

fresh

NES JY IS. WAAR JY IS